

# Saterdag 24 Julie

Skrifgedeelte: Hooglied 3:6 – 5:1;  
Efesiërs 5:21-33

Fokusgedeelte: Hooglied 4:1, 7

## Die voleinding van die liefde

Nes elke liefdesverhaal, het hierdie liefdeslied 'n spanningslyn wat uitloop op 'n hoogtepunt. Die liefde staan nie stil nie! God het ons só gemaak dat die liefde in ons harte ons moet dring tot uiterlike optrede. Dit moet voleindig word!

In die vorige hoofstukke het die jongman en meisie se liefdestrou en vreugde toegeneem. Uiteindelik kom hulle huweliksdag. In 3:6-11 beskryf die bruid die aankoms van haar man. In haar oë is hy koninklik op pad. Sy weet dat sy hart oorloop van vreugde oor haar! Sy wil haarself aan hom alleen gee.

In 4:1-7 hoor ons 'n gedig uit sý mond. Hy prys haar lieflikheid (4:1): *“Jy is mooi my liefling, jy is mooi, jou oë is duiwe agter jou sluier ...”* 4:7: *“Alles aan jou is mooi, my liefling, aan jou is niks verkeerd nie.”* In sy oë is sy die heel mooiste mens. Sy is die een wat sy hart bly maak. Hy juig oor haar en sien uit na die lewe saam met haar. In vers 9-15 besing hy haar skoonheid verder. Sy bekoor hom en nou drink hy sonder enige perke uit die put van haar liefde. Dis 'n emosionele, fisiese en geestelike band wat tussen hulle gevorm is. Dis mooi, dis veilig dis tot eer van God wat hulle só gemaak het en aan die hand na mekaar gelei het. Dis die begin van hulle lewens saam!

Waarom is dit só ontsaglik mooi? Want dit spreek tot die diepste verlanse in ons harte dat die groot huweliksfees van hemel en aarde moet aanbreek! Dit wys op die ontsaglike vreugde wat vir Christus en sy kerk – sý skoongewaste bruid wag met sy wederkoms. Hy kom om elkeen wat in Hom glo, vir altyd te herstel in sy ewige liefde. Dis 'n liefde wat ons dring tot optrede!

*Sing: Skrifberyming 18-6:1-5*

*Teologiese Student J van Schaik (Hanno)*